TWK Municipality/Munisipaliteit

SIGNING OF AGREEMENTS/DOCUMENTS
ONDERTEKENING VAN OOREENKOMSTE/DOKUMENTE

File reference number/ Leêr verwysings nommer **ELEC 01/2017/18**.....

Type of Document/ Tipe document : **Appointment Electrical Contractor for Grabouw area.**

Who is the other party? Wie is die ander Party: **Greyton Electrical**

Document prepared by/Dokument voorberei deur:

Name/Naam **M Redelinghuys**.....

..... 23/8/2017.....
(Signature/Handtekening) DATE/DATUM

Document checked by/Dokument nagesien deur:

Supply Chain Management Department/Voorsieningskanaalbestuur Afdeling: (Applies to contracts where the contractor was appointed through the SCM process / Geld vir kontrakte waar die kontrakteur deur die voorsieningskanaalbestuur proses aangestel is.)

Name/Naam: A. Mendinds.....

..... 2017/08/23.....
(Signature/Handtekening) DATE/DATUM

Legal Services/Regsdienste:
It is confirmed that I have reviewed the contract and certify that it complies in all respects with the relevant council resolutions, tender conditions and award and legal requirements. Furthermore, that the legal rights of the Council are protected and that there is no reason why the contract cannot be signed by the relevant delegated authority.

It is recommended that the following changes should be made Clause 3.2 Change date.....

Name/Naam Kini Carlse.....

....
(Signature/Handtekening) DATE/DATUM

Document signed by/Dokument onderteken deur (Municipal Manager / Munisipale Bestuurder and / or Delegated Authority)

Name/Naam D. Damons G. Malherbe

..... 28/8/2017.....
(Signature/Handtekening) DATE/DATUM

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS VIR DIE AANSTELLING VAN 'N VERANTWOORDELIKE PERSOON, AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF

Hierin verteenwoordig deur sy waarnemede DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE, D DAMONS, behoorlik daartoe gemagtig kragtens Raadsbesluit R157/2017 van 23 Augustus 2017

(hierna die RAAD genoem) aan die een kant en GREYTON ELECTRICAL hierin verteenwoordig deur GIDEON STEPHANUS RETIEF MALHERBE behoorlik daartoe gemagtig (hierna die KONTRAKTEUR genoem) aan die ander kant

---

NADEMAAL die RAAD die verskaffer van elektrisiteit is vir die THEEWATERSKLOOF gebied ingevolge 'n lisensie uitgereik deur NERSA;

en NADEMAAL die RAAD 'n behoefte geïdentifiseer het om 'n aanstelling te maak van 'n verantwoordelike persoon ten opsigte van, onder andere, instandhoudingswerk aan bestaande elektrisiteitsvoorsieningspunte en retikulasiestelsels;

en NADEMAAL die KONTRAKTEUR sake doen as elektriese kontrakteurs in, GRABOUW gebied, met vernaamste plek van besigheid en hoofkantoor te GRABOUW Theewaterskloof Munisipaliteit.

en NADEMAAL die KONTRAKTEUR bereidwillig is om die aanstelling as Verantwoordelike Persoon te aanvaar

NOU DAAROM KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

1. UITLEG

1.1 In die ooreenkoms, tensy die konteks anders aandui, beteken:

1.1.1 "die eerste wet", die Electricity Regulation Act 2006, soos gewysig.

1.1.2 "die tweede wet", die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet nr 85 van 1993, soos gewysig.

1.1.3 "Alle regulasies", die regulasies tot die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, Wet nr 85 van 1993, soos gewysig.

1.1.4 "bevoegde persoon", 'n persoon soos bedoel in die woordomskrywingsartikel van die Algemene Masjinerie Regulasies tot die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, Wet nr 85 van 1993, soos gewysig.

1.1.5 "gemagtigde persoon", beteken 'n persoon, hetsy werknemer van die Raad of nie, aan wie skriftelik magtiging verleen is, waardeur hy met bepaalde bevoegdhede en verantwoordelikhede ooreenkomstig hierdie regulasie beklee is.

1.1.6 "Verantwoordelike persoon", beteken 'n persoon wat skriftelik gemagtig is om te verseker dat werk aan elektriese apparaat, wat deur hierdie regulasie gedek word, met veiligheid uitgevoer kan word

1.1.7 "oortyd", tydperke wat strek op n betrokke dag 16:45 tot 07:45 van die daaropvolgende dag. Alle ure op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae in word geag as oortyd.

1.1.8 "die ingenieur", ADJUNK DIREKTEUR ELEKTRIESE dienste soos van tyd tot tyd deur die RAAD aangestel.

1.1.9 "die meesterplan", sodanige geskrewe prosedure en/of instandhoudingsprogram, soos van tyd tot tyd opgestel word deur die INGENIEUR en aan die KONTRAKTEUR voorgelê sal word, vir navolging in verband met die uitvoering van enige herstelwerk.

1.1.10 "Hierdie ooreenkoms sal geldig wees vir 'n periode van 3 jaar. Nieteenstaande die datum van ondertekening van hierdie ooreenkoms kom die partye ooreen dat hierdie ooreenkoms op 1 SEPTEMBER 2017 inwerking tree en op 30 JUNIE 2020 sal eindig.

2. OPSKORTENDE VOORWAARDES

Hierdie kontrak is onderworpe aan die hierna voormelde opskortende voorwaardes, naamlik dat die KONTRAKTEUR:

2.1 geregistreer moet wees as 'n GEAKKREDITEERDE PERSOON, soos bedoel in die REGULASIES, of n persoon in sy diens het wat 'n GEAKKREDITEERDE PERSOON is.(Voorsien afskrif van akkreditasie)

2.2 alle verdere vereistes, gestel in die EERSTE WET, TWEEDE WET en REGULASIES stiptelik sal nakom.

3. VERGOEDING

3.1 Die RAAD onderneem om die KONTRAKTEUR vir dienste gelewer kragtens hierdie ooreenkoms soos volg te vergoed gedurende die tydperk van 3 (DRIE) jaar wat volg op begin datum van ondertekening hiervan:

3.1.1 TARIEWE VOLGENS AANHANGSEL A HIERBY SOOS PER TENDER ELEC 01/2017/18

3.2 Die partye plaas op rekord dat die tariewe verwys na in die voorafgaande sub klousules aangepas word op 1 Julie van elke jaar volgens klousule 6 in die addisionele voorwaardes van die tender. Die aangepaste tariewe sal by wyse van ń addendum, ondersteken deur beide partye tot hierdie ooreenkom aangeheg word. Versoek tot die verhoging moet teen 1 Junie van die betrokke jaar ingedien word vir die 2(TWEEDE) en 3 (DERDE) jaar.

3.3 Die RAAD onderneem om die vergoeding wat kragtens hierdie klousule aan die KONTRAKTEUR verskuldig is vir dienste gelewer, te betaal voor of teen verstryking van 'n tydperk van 30 (DERTIG) dae na datum waarop die KONTRAKTEUR 'n rekeningstaat en belastingfaktuur, bevattende volledige besonderhede van die datum en aard van dienste gelewer, aan die RAAD gelewer het, welke betalings sal geskied aan die KONTRAKTEUR se domicilium of by sodanige ander adres as waarvan hy die RAAD van tyd tot tyd skriftelik in kennis van mag stel.

3.4 Die KONTRAKTEUR sal nie geregtig wees op enige voordele kragtens arbeidswetgewing of beleide van die RAAD of op enige ander voordele waarop permanente werknemers van die RAAD geregtig is nie.

4. VERPLIGTINGE VAN DIE KONTRAKTEUR

4.1 Die KONTRAKTEUR is verplig om:

4.1.1 alle redelike opdragte, wat hy van die RAAD kry, so spoedig doenlik en stiptelik uit te voer, welke opdragte, onder andere, die volgende insluit:

4.1.1.1. instandhouding van alle elektrisiteits - voorsieningspunte, geboue en retikulasiestelsels;

4.1.1.2.die bou van elektrisiteitslyne;

4.1.2 alle werk op 'n amptelike bestelling / opdrag uit te voer, maar sou dienste dringend benodig word, telefoniese instruksies te aanvaar van die RAAD se verantwoordelike amptenaar welke amptenaar dit skriftelik per bestelling sal bevestig

4.1.3 alle voorsorg –en ander maatreëls, soos vereis deur die EERSTE WET, TWEEDE WET en die REGULASIES stiptelik na te kom;

4.1.4 die nodige versekeringsdekking (WCA) te bekom ter beskerming van enige verlies en/of skade wat hy mag ly in verband met die uitvoering van die dienste hierkragtens gelewer en/of ten opsigte van enige dood of besering van enige van sy vennote, werknemers en/of ander gevolmagtigdes ten tyde van die uitvoering van sy dienste hierkragtens.Die kontrakteur moet die Raad elke (3)maande voorsien van 'n bewys van sy registrasie by die vergoedingskommisaris;

4.1.5 met die INGENIEUR te reël dat die behoorlike voltooiing van enige herstelwerk kragtens hierdie ooreenkoms deur die KONTRAKTEUR verrig en voltooi, as sulks gesertifiseer word, soos en waar versoek word deur die RAAD.

4.1.6 die nodige versekering te bekom ter beskerming van enige toerusting van die RAAD wat van tyd tot tyd onder die KONTRAKTEUR se beheer is;

4.1.7 van sy eie vervoer gebruik te maak vir die normale uitvoering van sy pligte kragtens hierdie ooreenkoms, tensy die KONTRAKTEUR, met die doel om kostes te bespaar of die uitvoering van herstelwerk te bespoedig, 'n ander reëling met die INGENIEUR kan tref . Geen reiskostes sal betaal word waar daar buite die regsgebied van GRABOUW gereis word nie.

5. <u>AANSPREEKLIKHEID</u>

5.1 In enige siviele geding teen die Raad vir skade of beserings opgedoen as gevolg van elektriese werk sal die Raad aanspreeklik wees vir sodanige skade of beserings tensy die Raad kan bewys dat die Raad nie nalatig was nie;

5.2 Die bepalings van paragraaf 5.1 sluit nie enige ander remedies wat die Raad in terme van die reg teen die kontrakteur mag het, uit nie.

6. AMPTENAAR

6.1 Die partye plaas op rekord dat die ADJUNK DIREKTEUR ELEKTRIESE DIENSTE of sy Gevolmagtigde hiermee deur die RAAD aangewys word as AMPTENAAR vir die deurgee van enige opdrag/bestelling, hetsy skriftelik hetsy mondeling/telefonies, aan die KONTRAKTEUR vir die RAAD kragtens hierdie ooreenkoms moet lewer.

6.2 Ten einde behoorlike rekord te kan hou van dienste kragtens hierdie ooreenkoms gelewer, sal 'n opdrag/bestelling, waar enigsins moontlik, op skrif deur die AMPTENAAR aan die KONTRAKTEUR gegee word. Die KONTRAKTEUR onderneem ook om by die RAAD se dorpskantoor aan te meld voor en na uitvoering van enige opdrag/bestelling vir doeleindes van mede-ondertekening en voltooiing van 'n register deur hom of sy verteenwoordiger en die AMPTENAAR ten opsigte van alle tyd, materiaal, vervoer en kilometers gery tydens die uitvoering van die opdrag/bestelling. In dringende gevalle en waar die uitvoering van werk spesifiek tydens OORTYD uitgevoer moet word, onderneem die partye om op die eerste besigheidsdag wat daarna volg, die betrokke register te voltooi.

6.3 Die INGENIEUR sal te alle tye geregtig wees om die algemene dag-tot-dag werke uitgevoer deur die KONTRAKTEUR na te gaan en om enige klagtes voor te lê op 'n koördinasievergadering en beswaar te opper teen finale sertifisering van gebrekkige/onvolledige werk deur die KONTRAKTEUR. Die AMPTENAAR sal slegs betalings doen ten opsigte van werk wat behoorlik in die register opgeneem en deur die INGENIEUR as korrek en volledig gesertifiseer is .

7. KENNISGEWINGS EN DOMICILIA

7.1 Elke party kies as sy domicilium citandi et executandi, vir doeleindes van die gee van enige kennisgewing, die

betekening van enige prosesstuk of vir welke ander rede ookal voortspruitende uit hierdie ooreenkoms, die adres vermeld in klousule 7.2 hierna.

7.2

7.2.1 Die RAAD: Pleinstraat 6, Caledon, 7230

7.2.2 Die KONTRAKTEUR: San Luciastraat 24, GREYTON, 7250

7.3 Enige kennisgewing wat deur die een party aan die ander party gegee word in terme van hierdie ooreenkoms, per vooruitbetaalde geregistreerde pos of per hand afgelewer by sodanige party se domicilium, sal geag word om ontvang te gewees het (TWEE) 2 dae nadat dit aldus gepos was, of, in geval van aflewering, op datum van daadwerklike aflewering.

7.4 Elkeen van die partye sal geregtig wees om van tyd tot tyd sy domicilium adres te wysig, by wyse van skriftelike kennisgewing aan die ander party tot dien effekte, met dien verstande dat sodanige gewysigde domicilium adres binne die Republiek van Suid-Afrika sal wees en nie 'n posbus of poste restante sal wees nie.

8. ALGEMENE BEPALINGS

8.1 Geen wysiging(s) kansellasie, verandering(s) aan of toevoeging(s) tot hierdie ooreenkoms sal van enige krag of effek wees nie, tensy dit skriftelik geskied en deur beide partye hiertoe of hul onderskeie gemagtigde verteenwoordiger(s), onderteken is nie.

8.2 Hierdie dokument bevat die volle ooreenkoms tussen die partye en geen party sal gebonde wees aan enige onderneming(s), voorstel(le), waarborg(e), belofte(s) of iets dergliks wat nie hierin vervat is nie.

8.3 Geen toevoeging(s) of uitstel(le) wat die een party aan die ander van hul van tyd tot tyd mag verleen, sal op enige wyse daardie persoon benadeel of hom verhoed om sy regte in terme van hierdie ooreenkoms in die toekoms daadwerklik te kan uitoefen nie.

8.4 Die kontrakteur sal nie geregtig wees om enige van sy regte en/of verpligtinge in terme van die ooreenkoms te sedeer, toe te deel, oor te dra of oor te maak aan 'n derde party, sonder die skriftelike toestemming van die Raad nie.

9 KANSELASIE KLOUSULE

9.1 Indien die kontrakteur sou versuim om enige van bogemelde bepalings in hierdie ooreenkoms na te kom sal die Munisipaliteit geregtig wees om die kontrakteur met sewe dae skriftelike kennisgewing te versoek om die bepalings na te kom. Indien die kontrakteur sou versuim om aan die kennisgewing gehoor te gee sal die munisipaliteit geregtig wees om die ooreenkoms met onmiddelik effek te kanseleer en enige beskikbare remedies te gebruik om enige skade of verlies as gevolg van die kontrakteur se versuim te vorder

GETEKEN TE CALEDON OP HIERDIE 1STE DAG VAN SEPTEMBER 2017

AS GETUIES:

1. .....

2. .....

.....
RAAD

GETEKEN TE CALEDON OP HIERDIE 1STE DAG VAN SEPTEMBER 2017

AS GETUIES:

1. .....

2. .....

.....
KONTRAKTEUR